# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 15: 8 Mei 2026




**BELANGRIKE INLIGTING:**


Datums Bl. 3

Gr. 1 Koekverkoping Bl. 12

Eksamenrooster Bl. 12



# Uit die kantoor

- Oranje het aan die einde van April afskeid geneem van mev. Chandriné Jones. Sy was ons Sportorganiseerder. Baie dankie vir dit wat jy vir Oranje Primêr gedoen en beteken het die afgelope 12 jaar. Ons wens jou voorspoed en seën toe vir die pad vorentoe.
- Die o. 13A-netbalspan het van 30 April tot 2 Mei aan die Wildeklawer netbaltoernooi in Kimberley deelgeneem. Die span behaal 'n 11de plek. Baie geluk aan elke dogter wat haar beste gelewer het en pragtig netbal gespeel het. Dankie aan mev. Marida Myburgh (afrigter) en mev. Chandriné Jones (spanbestuurder) wat ons dogters vergesel het.
- Die o. 11A- en o. 11B-tennisspanne het van 29 April tot 2 Mei aan die Limodo Spar Truida Kestell tennistoernooi in Bethlehem deelgeneem. Albei spanne het in die A-afdeling deelgeneem. Die A-span behaal 'n eerste plek en die B-span behaal 'n sesde plek. Baie geluk aan die twee spanne. Julle het uitstekende tennis gespeel. Baie dankie aan mnr. Heinrich Willemse (afrigter) en mev. Monya Wambach (spanbestuurder) wat ons dogters vergesel het tydens die toernooi.
- Baie geluk aan ons swemmers wat pragtig tydens die Suid-Afrikaanse swemkampioenskap in Kaapstad presteer het. Oranje is baie trots op ons swemmers. Uitslae op bladsy 5.
- Baie geluk aan die dogters wat gekies is vir die Suid-Vrystaat o.12- en o.13-netbalspanne wat op 30 Mei aan die Vrystaatproewe in Kroonstad gaan deelneem.
- Die A-liga netbalspanne het hierdie week teen President Brand Primêre skool en die B-liga teen Joe Solomon Primêre skool gespeel. Baie geluk aan al die spanne. Julle het baie mooi netbal gespeel. Die westryde wat uitgereën het sal op 'n latere datum gespeel word. Uitslae op bladsy 4. Baie sterkte vir volgende week se netbalwedstryde.
- Vanmiddag begin die landloopliga. Baie sterkte aan al die dogters wat dié kwartaal aan die landloopliga gaan deelneem.
- Baie dankie aan die graad 7B-ouers, onder leiding van mev. Almari Bornman, asook die ander gr. 7-ouers wat die Moedersdagverkope hanteer het. 'n Groot dankie vir al julle moeite en harde werk!
- Gelukkige Moedersdag aan al Oranje se Mammas.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 8 Mei: | Moedersdagverkope |
| | Vyfhoekige tennistoernooi - Koringaar |
| | Landloopliga 1 |
| 9 Mei: | Juf. Margarete verjaar |
| | Vyfhoekige tennistoernooi - Koringaar |
| 10 Mei: | Moedersdag |
| 11 Mei: | Afrikaanse week Gr. 1-7 |
| | Skool verdaag 13:15 |
| | A-netballiga 7: Bloemfontein Laer vs OMS |
| | B-netballiga 7: Fauna vs OMS |
| | Leerderraadvergadering 17:00 (Slegs ma's) |
| 12 Mei: | Voedselprojek Gr. 6C |
| 13 Mei: | B-netballiga 8: St. Michael's vs OMS |
| 14 Mei: | Voedselprojek Gr. 5A |
| | A-netballiga 8 : OMS vs Fichardtpark |
| 15 Mei: | Oom Martin verjaar |
| | Marimba Oefenkamp 13:00-16:00 |
| | Netbal: Mininetbal @ Fichardtpark o. 7 - o. 9 |
| | Preprimêr Kermis |
| | Landloopliga 2 |
| 16 Mei: | Juf. Liche verjaar |
| 18 Mei: | Kunswedstryd: Voordrag en toneel |
| | A-netballiga 4: Jim Fouché vs OMS |
| | B-netballiga 4: OMS vs Koot Nieman |
| 19 Mei: | Voedselprojek Gr. 5B |
| | Kunswedstryd: Voordrag en toneel |
| 20 Mei: | Kunswedstryd: Voordrag en toneel |
| | A-netballiga: Brandwag vs OMS |
| 21 Mei: | Voedselprojek Gr. 5C |
| | Musiek: Kultuuraand ML Spiessaal 18:00 |
| | Kunswedstryd: Voordrag en toneel |
| | A-netballiga 9: Loslootjie |
| | B-netballiga 9: OMS vs Kruitberg |
| 22 Mei: | ATKV-redenaars: Semi-finaal, Welkom |
| | Graad 1 Koekverkoping |
| | Kunswedstryd: Voordrag en toneel |
| | Landloopliga 3 |

# Netbal

Die finale MMED netbalproewe is op Dinsdag, 28 April, gehou. Die o.12- en o.13- dogters het netbal van hoogstaande gehalte gespeel en goeie vaardigheid en veggees getoon.

Die volgende dogters is gekies vir die Suid-Vrystaat netbalspanne wat op 30 Mei aan die Vrystaatproewe in Kroonstad gaan deelneem:

o.12
Lea Cilliers
Melienke Hoek
Liané Heckroodt
Lila Myburgh
Anné Koortzen

o.13
Carla Ferreira
Lilamari de Villiers
Hanli Snyman

Baie geluk aan die dogters en sterkte vir hierdie hoogtepunt in julle lewe.

<u>Wildeklawer Netbaltoernooi, 30 April tot 2 Mei:</u>
Die Wildeklawer Netbaltoernooi het weer eens sy reputasie as een van Suid-Afrika se grootste en mees mededingende skole netbaltoernooie bevestig.

By die toernooi, wat jaarliks in Kimberley plaasvind, het top skoolspanne van regoor die land deelgeneem. Wedstryde was intens en vinnig, met spanne wat sterk vaardighede, spanwerk en deursettingsvermoë getoon het.

Verskeie gunstelinge het hul staal gewys, maar daar was beslis ook verrassingsuitslae wat die kompetisie ekstra opwindend gemaak het. Die standaard van die spel was ongelooflik hoog. Oranje se eerste span het beslis nie teruggestaan vir enige opponent nie. Hulle het pragtige netbal gespeel.
Die uitslae was soos volg:

OMS verloor teen Wierdapark 6 - 18
OMS verloor teen Randhart 5 - 15
OMS verloor teen Vastrap 9 - 15
OMS verloor teen Durbanville 9 - 12
OMS speel gelykop teen Bastion 9 - 9
OMS wen teen Newton 13 - 11
OMS wen teen Sunridge 19 - 2
OMS wen teen Oranje-Noord 12 - 11

Oranje eindig algeheel elfde uit 16 spanne. Ons is baie trots op elke dogter, wat nooit ophou veg het nie! Iemand het eens gesê: " Wen bring verseker vreugde, maar verloor bring wysheid ... Saam leer hulle jou BALANS!"

# Netballiga

Hier volg die uitslae van die B-liga:

OMS vs Joe Soloman op Oranje se bane, 4 Mei :

| Span | Telling |
|---|---|
| OMS o.10E vs o.10A | Verloor 3 - 4 |
| OMS o.11E vs o.11A | Uitgereën |
| OMS o.12E vs o.12A | Verloor 2 - 13 |
| OMS o.13E vs o.13A | Uitgereën |

Hier volg die uitslae van die A-liga:
OMS teen PBS, op PBS se bane, 4 Mei:

| Span | Telling | Span | Telling |
|---|---|---|---|
| o.10A | Wen 12 - 9 | o.10B | Wen 7 - 1 |
| o.11A | Wen 10 - 3 | o.11B | Wen 19 - 0 |
| o.11C | Wen 16 - 0 | o.12A | Wen 16 - 6 |
| o.12B | Wen 14 - 6 | o.13B | Wen 14 - 4 |

Die o. 7A, o.13A en o.13C se wedstryde het uitgereën en sal op 'n latere datum gespeel word.

Ligawedstryd teen Sentraal, 7 Mei, op OMS se bane:
Die E- en F-span speel teen die A- en B-span van die opponent.

| Span | Telling | Span | Telling |
|---|---|---|---|
| o.10E | Verloor 2 - 10 | o.11E | Verloor 2 - 7 |
| o.10F | Wen 9 - 8 | o.11F | Verloor 3 - 8 |
| o.12E | Verloor 2 - 19 | o.13E | Verloor 2 - 32 |
| o.12F | Verloor 2 - 11 | o.13F | Verloor 0 - 13 |

Baie dankie vir elke speelster wat hart en siel in elke wedstryd sit.




# Sport

# Tennis

Debi van Biljon het Saterdag, 25 April, aan die Wolf Pack Cup tennistoernooi (rooibal) op die Vrystaat Tennisstadion deelgeneem en eerste geëindig.

<u>0. 11 Limodo Tennistoernooi 2026</u>
Vanaf Woensdag, 29 April, tot Saterdag, 2 Mei, het Oranje se A- en B-spanne deelgeneem aan die Limodo tennistoernooi in Bethlehem. Beide die A- en B-span het in die dogters se A-afdeling gespeel. Die uitslae was soos volg:

<u>Oranje A:</u>
Wen teen Louw Geldenhuys met 48 potte teenoor 1.
Wen teen Newton met 48 potte teenoor 2.
Wen teen Lynnwood met 48 potte teenoor 22.
Wen teen Truida Kestell met 48 potte teenoor 27.
Wen teen Eikestad met 48 potte teenoor 12.
Wen toe die semi-finaal teen Oranje-Noord met 6 potte teenoor 0.
Wen die finaal teen Tygepoort met 4 potte teenoor 0.

Hulle behaal 'n 1ste plek in die A-afdeling van die dogters.

<u>Oranje B:</u>
Verloor teen Oranje-Noord met 38 potte teenoor 29.
Wen teen Saamtrek met 46 potte teenoor 25.
Verloor teen Tygerpoort met 44 potte teenoor 38.
Wen Jordania met 41 potte teenoor 36.
Wen teen Bryanston met 48 potte yeenoor 17.
Wen teen Lynnwood in die uitspeel wedtryde met 47 potte teenoor 22.
Verloor in die uitspeel wedstryd vir 5de en 6de plek teen Eikestad met 4 potte teenoor 1.

Hulle behaal 'n 6de plek in die A-afdeling van die dogters.

Die dogters het integriteit, respek en veggees regdeur die toernooi gewys; in die koue weer en baie reën. Die eendjies moes hard baklei vir elke punt.

Ons is SO trots op ons eendjies!




Die volgende dogters het op Saterdag, 2 Mei, aan die Racket Rascal liga (rooibal) deelgeneem en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| Debi van Biljon | 1ste |
| Emma Cloete | 3de |
| Numeri Naude | 5de |



# Swem

Die volgende leerlinge het van 24 tot 27 April deelgeneem aan die SA Skole swemkampioenskap by die Universiteit van die Wes-Kaap deelgeneem.

<u>Lisa le Roux, dogters o. 12:</u>

| | |
|---|---|
| 100m vryslag | 6de |
| 100m borsslag | 7de |
| 50m rugslag | 7de |
| 200mIM | 7de |
| 50m vlinderslag | 7de |
| 100m rugslag | 3de |
| 4x100 wisselslag aflos | 7de |
| 4x 50 vryslag aflos | 5de |

<u>Lea Cilliers, dogters o. 12:</u>

| | |
|---|---|
| 100m borslag | 4de |
| 50m borslag | 3de |

<u>Carinke Wessels, dogters onder 13:</u>

| | |
|---|---|
| 100m Borsslag | 2de |
| 200m Borsslag | 2de |
| 50m Borsslag | 6de |
| 200m Individuele Wisselslag | 4de |
| 100m Rugslag | 4de |
| 200m Rugslag | 5de |
| 5 x aflosse vir Vrystaatspan | |

# Triathle en Biathle

Z'ney Piechaczek het op 25 April deelgeneem aan die Gauteng Biathle- en Triathle Kampioenskap. Sy het 'n eerste plek behaal in die dogters onder 13 in beide items.

Baie geluk aan die volgende atlete wat gekies is om die Vrystaat te verteenwoordig tydens Suid-Afrikaanse Triatle en Biathle Kampioenskap van 2 tot 4 Julie in Pietermaritzburg, KwaZulu-Natal:

TRIATHLE

Dogters o. 11:
Lenike van den Berg
Skye Futter
Leah Venter
Aila Cilliers

Dogters o. 13:
Z'ney Piechaczek
Lea Cilliers
Tené Venter
Kaylyn Blair

Dogters o. 15:
Almé Bornman

BIATHLE

Dogters o. 11:
Lenike van den Berg
Aila Cilliers
Skye Futter
Leah Venter

Dogters o. 13:
Lea Cilliers
Kaylyn Blair
Z'ney Piechaczek
Tené Venter

Dogters o. 15:
Almé Bornman
Emme Wessels

# Redenaars

Oppitong redenaars het op 23 April plaasgevind:

Z'ney Piechaczek — A ++
Dring deur na die Vrystaat Finaal.

Radikale redenaars:
Z'ney Piechaczek — 1ste
Dring deur na die Nasionale Finaal.

# Perdry

Twee leerders het vanaf 20 tot 25 April aan die Nasionale Perdry Kampioenskap in Bloemfontein deelgeneem en soos volg presteer:

Elmi Ferreira:
o. 12 parkperd — 6de
o. 12 ruiterkuns — 3de

# Algemeen

# DANS

Leerlinge van Dance Academy het die naweek van 24 en 25 April deelgeneem aan die uitdunne van DTMA danskompetisie om te kwalifiseer vir die Vrystaatbyeenkoms wat 22 tot 24 Mei plaasvind. Die kompetisie was in die Wynand Moutonteater in Bloemfontein en die beoordelaars was Joubert Jonker en Pinto Ferreirra.

| | | |
|---|---|---|
| Kaylee Ross: | Junior groups 8-12 jaar | 81,8% |

Die volgende leerlinge het 'n groeptoekenning gewen:

| | | |
|---|---|---|
| Groepitem:<br>Carli du Plessis<br>Skylann O'Ryan<br>Lara van Viegen<br>Emma Olivier<br>Mila Marais | Hit the road Jack – Tap | 91,8% en wen twee spesiale toekennings |
| Groepitem:<br>Emma Olivier<br>Delri Buitendag<br>Helen Pienaar | Big girl – Musiekteater | 88,4% en wen 'n speisiale toekenning, asook die beste Junior beginnergroep. |
| Groepitem:<br>Carli du Plessis<br>Skylann O'Ryan<br>Lize Husselmann<br>Delri Buitendag | Dream | Behaal 86% vir hulle Liriese groepdans |
| Carli du Plessis: | Liriese solo<br>Liriese solo (beginner) | 91% en wen 'n spesiale toekenning<br>1ste |
| Ava Khouri: | Jazz solo<br>11- 13 jaar Jazz (algeheel)<br>11- 13 jaar Musiekteater | 84%<br>3de<br>85% |
| Sophia Prinsloo: | 11-13 jaar Jazz solo<br>11-13 jaar Musiekteater | 81%<br>81% |
| Lisah Pieterse: | 13-14 jaar Ballet Repertoire<br>13-14 jaar Ballet Classical<br>13-14 jaar Komtemporêr<br>13-14 jaar Liriese solo<br>Spesiale Toekenning:<br>Kategoriewenner: | 1ste, 90.7%<br>1ste, 91.8%<br>1ste, 90.2%<br>1ste, 91%<br>Algehele Indruk<br>1. Junior Kontemporêre Kategoriewenner<br>2. Junior Ballet Kategoriewenner<br>3. Junior Liriese Kategoriewenner<br>4. Junior Ballet Repertoirewenner |

Die onderstaande leerlinge het in die volgende items vir die DTMA Vrystaat Provinsiale Kampioenskap gekwalifiseer en kan hier in aanmerking kom vir hul DTMA Vrystaatklere:

| | |
|---|---|
| Denise Breytenbach: | Kontemporêre Solo<br>Disco Solo<br>Hip Hop Duo<br>Kontemporêre Duo<br>Disco Duo<br>Musiekteater Duo |
| Nelize Sieberhagen: | Akrobatiese Solo |
| Haley-Aleah Human: | Akrobatiese Solo |

# DANS

Leerlinge het vanaf 1 tot 2 Mei aan die Free State Dance Awards deelgeneem. Hulle het eers aan die uitdunne deelgeneem om te kwalifiseer vir die finale. Hierdie kompetisie is op 'n baie hoë standaard en ons is baie trots op hulle goeie uitslae:

| | | |
|---|---|---|
| Helen Pienaar, 9-10 jaar: | Musiekteater | Goud - 85% |
| | Moderne danse | Goud – 97% |
| Elissa du Plooy, 9-10 jaar: | Moderne danse | Goud – 89% |
| Lara van Viegen, 9-10 jaar: | Tap | Goud – 88% |
| | Musiekteater | Goud – 88% |
| Lize Husselmann, 11-12 jaar: | Musiekteater | Silwer - 84% |
| Bongiwe Mahura, 11-12 jaar: | Musiekteater | Goud – 87% |
| Carli du Plessis, 11-12 jaar: | Moderne danse | Goud– 87% |
| | Tap | Goud - 92% |
| | Musiekteater | Goud - 90% |
| Sophia Prinsloo, 13-14 jaar: | Moderne danse | Brons – 73% |
| | Musiekteater | Silwer - 82% |
| | HipHop | Silwer – 81% |
| Ava Khouri, 13-14 jaar: | Moderne danse | Brons - 71% |
| | Musiekteater | Silwer – 76% |
| Lisah Pieterse,13-14jaar: | Musiekteater | Goud – 85% |
| | Modern | Goud – 91% |
| | Ballet | Goud – 87% |

# AKROBATIESE DANS

Op 2 Mei het drie leerlinge aan die Vrystaat ASSA Akrobatiese Dans Distrikkampioenskappe in Welkom deelgeneem en eerste plekke behaal:

Haley Aleah Human, graad 2
Nelize Sieberhagen, graad 2
Cara Willemse, graad 5

# GEVEGSKUNS

Die volgende dogters het op 25 April aan Martial Arts of South Africa Tournament (MASA) se Vrystaatse Provinsiale gevegskuns/karate kampioenskap deelgeneem en as volg presteer:

<u>Liané van der Walt:</u>

| | | |
|---|---|---|
| Dogters 9-12 Jaar | Kata | 1ste |
| Dogters 9-12 Jaar | Kumite | 1ste |
| Dogters 9-12 Jaar | Combat weapons | 1ste |
| Algeheel | | 12de |

<u>Hanyke Scheepers:</u>

| | | |
|---|---|---|
| Dogters 9-12 Jaar | Karate Vorms | 3de |
| Dogters 9-12 Jaar | Karate Wapens | 3de |
| Dogters 9-12 Jaar | Karate Geveg | 2de |

# Moedersdag

Baie dankie aan al die gr. 7B-mammas wat die verkope georganiseer het en al die ander graad 7-mammas wat gehelp het. Dankie ook aan elke dogter wat die verkope ondersteun het. Ons hoop elke mamma word Sondag bederf!






















# Bloemskou

**BLOMMERANGSKIKING**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mianique van Straten | Graad 5 | Visse onder die see | 2de |
| Nina Slabbert | Graad 2 | Strandsambreel uitbeelding | 1ste |
| Tshegofatso Makoena | Graad 7 | Strand skatkis | 3de |
| | | Visse onder die see | 3de |
| Miané Engelbrecht | Graad 7 | Strand skatkis | 2de |
| Mila van Zyl | Graad 3 | Strandhoed ( Oh my hat ) | 2de |
| Bella Groenewald | Graad 3 | Strandhoed ( Oh my hat ) | 3de |

**PERDRY**

| | | |
|---|---|---|
| Zané Buys: | Show jumping ( Perd: Miley) | 3de |
| Ariana de Wet: | Show jumping ( Perd: Indian Blitz) | 3de |
| | Show Jumping Speed | 2de |
| | Show Jumping Accumulator | 3de |
| | Show Jumping | 1ste |

**KUNS**

Ons Oranje eendjies het verlede week hul kunswerke by die Bloemskou vertoon.
Ons talentvolle kunstenaars het talle toekennings gewen:


| | | |
|---|---|---|
| Katie Beukes | Graad 7 | A+ |
| Livvy Botha | Graad 6 | A |
| June van Rooyen | Graad 5 | A |
| Ella van Rooyen | Graad 1 | 2 x A-simbole |
| Eldoré Immelman | Graad 5 | A+ |
| Denise Breytenbach | Graad 5 | A |
| Abbi du Toit | Graad 3 | A+ |
| Milé Hoek | Graad 1 | A+ |
| Lenize de Bruyn | Graad 3 | A+ |
| Emma Hugo | Graad 5 | A |
| Kaylyn van der Westhuizen | Graad 5 | A+ |
| Haeli Calitz | Graad 5 | A |
| Tagen-Mae Mulder | Graad 5 | A+ |
| Anné Potgieter | Graad 6 | A |
| Corli Potgieter | Graad 3 | A+ |
| Denise Harmse | Graad 3 | B+ |
| Liela Robbertse | Graad 6 | A |
| Katrien Robbertse | Graad 6 | A |
| Louri Barrett | Graad 6 | A+ |
| Delri Buitendag | Graad 5 | A+ |
| Zoë van Niekerk | Graad 4 | A |
| Louisa Meyer | Graad 3 | A+ |
| Bella Groeneveld | Graad 3 | A+ |
| Kaylee Ross | Graad 6 | A |
| Hanne Ross | Graad 3 | A |
| Ilne Jacobs | Graad 7 | A+ |
| Margarethe du Plessis | Graad 7 | A+ |
| Niéke du Plessis | Graad 4 | A |
| Mari du Plessis | Graad 4 | A |
| Kara Pienaar | Graad 6 | A+ |
| Luché Burger | Graad 3 | A |
| Elly Strydom | Graad 5 | A+ |
| Mila Swanepoel | Graad 3 | A |
| Minki de Smidt | Graad 4 | A+ |

Carla Ferreira Graad 7

Carla se kunsprent is aangewys as die beste kunsprent deur 'n laerskoolkind. Sy ontvang die Trudie de Kock wisseltrofee – Uitstaande Werk - Primêre Kuns tydens 'n prysuitdeling by Bloemskou die afgelope naweek. Sy wen ook R500 kontant met komplimente van Santam.






INDIAN
BEACH




| Junie 2026 | | | | | | J |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Di** | **Wo** | **Do** | **Vry** | **Sa** | **So** |
| 1 | **2** | **3** | 4<br>**Duck Derby** | 5<br>***Eksamen:*** Skool verdaag 12:00<br>**Gr. 7 NW** | **6** | 7 |
| 8<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 SW Gesk.**<br>**Gr. 5 NWT** | **9**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 Afrikaans**<br>**Gr. 5 Afrikaans**<br>**Gr. 6 Afrikaans.**<br>**Gr. 7 Afrikaans** | **10**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 NWT.**<br>**Gr. 5 SW Gesk.**<br>**Gr. 6 SW Gesk**<br>**Gr. 7 SW Gesk.** | **11**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 Engels**<br>**Gr. 5 Wiskunde**<br>**Gr. 6 Engels**<br>**Gr. 7 Wiskunde** | **12**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 Wiskunde**<br>**Gr. 5 SW Aard.**<br>**Gr. 6 Wiskunde.**<br>**Gr. 7 SW Aard.** | **13** | **14** |
| 15<br>Skoolvakansiedag | **16**<br>Jeugdag | 17<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 SW Aard.**<br>**Gr. 5 Engels**<br>**Gr. 6 NWT**<br>**Gr. 7 LO-prakties** | 18<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 4 LV**<br>**Gr. 6 LV**<br>Gr. 7 SK | **19**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 5 LV.**<br>**Gr. 6 SW Aard.**<br>Gr. 7 Engels | **20** | **21**<br>Vadersdag |
| **22**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 7 EBW** | **23**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 7 LO** | **24**<br>***Eksamen – 12:00 verdaag***<br>**Gr. 7 Tegnologie** | **25** | **26**<br>**Skool sluit 10:00** | **27** | **28** |



# Gedagte vir die week

## Noem haar ma

Die Here het 'n engel op aarde geskep,
en omdat Hy ver vooruit kon sien,
het Hy geweet dat ek haar oor 'n leeftyd sou nodig kry.

Iemand wat sou verstaan wat ek doen en sê.
Wat al my foute sal verbloem met liefde.
Om net die beste te vind in wat ek sal doen.

Wat met haar sagte hande vreugde versprei elke dag.
Met haar warm en omgee natuur uittoring bo die res.
Wat 'n leeftyd aan my sy lojaal sal bly staan.
Deur teëspoed en voorspoed en vriendin-vir-my-wees.

'n Ma wat haarself sal misken ter wille van haar kind,
en op haar knieë trou aan haar belofte aan God sal bly staan.

Die Here het die engel vir my gegee en gesê:
"Neem haar hand en noem haar ma."

*~ Sonja Peacock ~*

*Gelukkige Moedersdag*

## Lief en leed

Baie sterkte aan Klara Wessels en Kaitlyn van Staden wat in die hospitaal is. Ons bid hulle 'n spoedige herstel toe.

## Lief en leed

Ons groet juffrou Chandriné Jones. Ons wens haar seën toe vir haar toekoms. Dankie vir die spore wat jy by Oranje getrap het. Mag jy blom waar jy volgende geplant word. Oranje gaan jou mis!



Welgewind Vleis

Karoo Lam: R140p/kg: Gesaag en Vakuum verpak

Free range hoender: R80p/kg:( ‘n Boks van rondom 14kg. Bestaan uit 2 heel hoenders, 3 pakke 4 by 4 boudjies en duitjies, 2 pakke vlerkies, 3 pakke fillets, 2 pakke filletstrips en ‘n pakkie lewertjies)

Lam braaiboks: R170p/kg: Weeg rondom 12kg. Halwe lam waarvan die boude in kerriesosaties gemaak is en die blad in kerrietjops. Asook 3 pakkies braaiwors.

Wildswors: Kudu: R1250 vir 10kg
Wildsmince: Kudu:R1250 vir 12kg
Wildsrugstring: R1250 vir 10kg
Kudu Biltong: R1800 vir 6kg
Biltong wiele:  R1800 vir 6kg
Beefboks: R1400 Bees: 4kg wors, 4kg mince, 4 pakkies patties van 4

**Tinkie Naude 0846575792**
**welgewind@gmail.com**

# Advertensies